Verwysing: 20170801-3435
12/2/13/6
Navrae: G. Schreuder

Kurrikulum VOO-minuut: DCF 0019/2017

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Hoofde: Kurrikulumkoördinering en -advies, Kringbestuurders, Hoofde: IBB-koördinering en -advies, Vakadviseurs en Prinsipale van hoërskole skole

Onderwerp: Hulpbronpakket vir VOO-leerders wat van Vinnige Reaksie (VR) -kodes gebruik maak

1. Die Wes-Kaap Onderwysdepartement se visie vir e-Onderwys, is op onderwysers gemik wat tegnologie as 'n konstante ondersteuning vir tradisionele lesse gebruik. Die voorneme is dat onderrigmetodologie op multimedia-ryke hulpbronne steun terwyl leerders die geleentheid kry om hul leer deur middel van inligting- en kommunikasietegnologieë (IKT's) te ondersteun.

2. Die aangehegte hulpbronpak bevat werkkaarte vir Verdere Onderwys en Opleiding (VOO) -vakke wat die inhoud van graad 10 tot 12 dek. Hierdie hulpbronpak dien die volgende doeleindes:

2.1 as hersieningsoefeninge vir leerders; en

2.2 as voorbeelde vir onderwysers om hul eie te ontwikkel.

3. Skole sal twee kopieë van die hulpbronpak ontvang. Prinsipale word aangemoedig om die inhoud van een pak aan die betrokke vakhoofde te versprei en die ander pakket vir sy/haar eie rekords te behou.

4. Indien u enige verdere navrae oor hierdie inisiatief het, kontak gerus vir Dr G. Schreuder by tel. nr. (021) 4672630 of via e-pos by Glynis.Schreuder@westerncape.gov.za

5. Prinsipale word versoek om die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van alle vakhoofde en onderwysers te bring.

GETEKEN: PAD BEETS
ADUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR
DATUM: 2017-08-08